VORM & VOLG

# BRING DIT VIR MY

5 MEI 2024 | MATTEUS 14:13-21

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle afgelope week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte of selfs Godstories van die week deel.

## 2. WORD STIL

Steek ‘n kersie aan en luister saam na die volgende lied:

Teach Us Your Ways - The Porter’s Gate

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Matteus 13:13-21  saam deur. Julle is ook welkom om saam met hierdie teks, die storie in een van die ander Evangelies te lees:

- Mark. 6:30-44
- Luk. 9:10-17
- Joh. 6:1-14

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- ‘n Woord
- ‘n Frase
- ‘n Gedagte
- ‘n Vraag
- ‘n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe



# 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

**Toe dit al aand begin word, het sy dissipels vir Hom kom sê: “Dit is 'n afgeleë plek en dit het al laat geword. Stuur die mense terug dat hulle vir hulle kan gaan kos koop in die dorpe.”**

- Gesels bietjie oor die voorstel wat die dissipels vir Jesus kom gee oor die krisis op hande - die duisende honger mense. Hoe sou jou voorstel aan Jesus gelyk het rakende die oplossing vir hierdie krisis?
- Gesels ook bietjie oor die onderliggende waardes/aannames van die dissipels.

**Maar Jesus sê vir hulle: “Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet.”**

- Jesus stem nie saam met die dissipels se waardes wat onderliggend is aan hulle voorstel nie. Hy het ‘n ander voorstel. Hoe verskil Jesus se onderliggende aannames, waardes en sieninge oor mense van dié van die dissipels?
- Was jy dalk al in jou lewe gekonfronteer met ‘n soortgelyke situasie, waar jy iets van jouself moes gee?

**Hulle (die dissipels) sê toe vir Jesus: “Maar ons het hier net vyf brode en twee visse.”**
**Jesus sê: “Bring dit vir My”**

- Watter emosie kom by jou op as jy luister na Jesus se woorde: “Bring dit vir My”.
- Gesels en deel oor dinge in jou eie lewe/stories wat jy al gehoor het, waar iemand bereid was om te deel wat hulle het.
- In plaas van dat elkeen deel wat hulle dink hulle op hulle bordjies het (broodjies en vissies), gee die groep kans om vir elkeen individueel uit te lig watter gawes hierdie persoon het om te kan deel. Indien moontlik, vra iemand in die groep om hierdie dinge neer te skryf en dan aan die einde vir die persoon te gee om huis toe te vat.
- Hoe was hierdie ervaring vir jou?

**Mag ons hierdie woorde van Jesus onthou wat ons elke dag vra:**

**Bring dit vir My.**

**Sonder huiwering. Sonder vooropgestelde idees. Sonder voorwaardes. Net soos dit is. Net soos jy is.**

**En mag ons dan in verwondering terugstaan en kyk hoe Jesus dit neem, seën, breek en dit weer teruggee aan ons om dan uit te deel aan ander.**

Bid saam.